Briewe - Letters

Stuur aan: Die Nuusredakteur
E-pos/E-mail: waldie@rustenburgherald.co.za
Faks/Fax: 014-592 1869

Skenk aandklere vir behoeftige skoliere

DIE REDAKTEUR:
In die huidige ekonomiese omstandighede waar meeste ouers met kinders op skool hul sente moet omdraai, is 'n behoefte geïdentifiseer vir 'n fasiliteit waar aandklere vir skoolfunksies verskaf kan word aan leerlinge wie se ouers dit nie finansieel kan bekostig om dit self aan te skaf nie.

Daar is gedurende die jaar heelwat sulke funksies byvoorbeeld die Valentynsbal, leerlingraadsdinee, matriekafskeid en vele meer.

Daar is besluit om 'n "klere-bank" te skep om behoeftige kinders behulpsaam te wees. Die persone wat die uitleen en administrasie van die klere sal hanteer, sal dit doen met oorleg met onderwysers van die betrokke skole.

Daar bestaan dus nou 'n dringende behoefte aan skenkings van aandklere om hierdie projek aan die gang te kry. Daar is 'n behoefte vir beide seuns- en dogtersklere. Ons is seker daar is baie gesinne waar aandklere wat nie meer gebruik word nie, in klerekaste hang.

Ons dink byvoorbeeld aan universiteit- en technikonstudente wat klere gekry het vir onderskeie aandfunksies, matriekafskeidrokke en -pakke wat nie meer gebruik gaan word nie.

Ons vra die gemeenskap se samewerking om klere te skenk sodat kinders wat dit nie self kan bekostig nie, se drome kan waar word om ook pragtig te lyk op hul groot aand.

Ons vra dat u dringend op hierdie versoek sal reageer aangesien die jaar reeds aangestap het.

Klere kan afgegee word by Hoërskool Grenswag - die persoon betrokke by die ontvangs is me Rienie Roodt.

Alternatiewelik kan u Maga (076 051 7830) of Fransa Gauche (084 401 0812) skakel om reëlings te tref vir die ontvangs van klere. Byvoorbaat dankie vir u samewerking.

KLEREBANK-ORGANISEERDERS.

BELANGRIK
Lesers word gevra om briewe kort en saaklik te hou. Skrywes wat lasterlik is, 'n party-politieke inhoud het of by implikasie 'n advertensie vir 'n besigheid bevat, kan ongelukkig nie gehuisves word nie.
Lesers word gevra om alle briewe te onderteken (al word 'n skuilnaam gebruik) EN HUL TELEFOONNOMMERS TE VOORSIEN.
• Die Rustenburg Herout vereenselwig hom nie noodwendig met menings wat uitgespreek word deur briefskrywers en rubriekskrywers nie.

IMPORTANT
Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander, party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated. Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER.
• The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.

Viewpoint

Municipality's dumping sites is failing public

The time has come for the Rustenburg Municipality to review its policies on dumping sites in the Rustenburg area and to take immediate action. For the past few years the dumping sites - especially the so-called mini dumping sites - have become a source of the utmost frustration to Rustenburg residents and loyal taxpayers alike!

It goes beyond comprehension how the Rustenburg Municipality can consider it reasonable and safe for the Rustenburg public to go to these dumping sites to dump general garden refuse and similar material which is deemed unsuitable for ordinary, weekly residential refuse removal.

In recent years, not a single week had passed without at least half a dozen of complaints from the public about the totally unacceptable condition at the mini dumping sites. Needless to say, the condition has worsened considerably since the closure of the second mini dumping site in Bethlehem Drive some time ago.

Today, it is evident that these dumping sites have been introduced without the necessary planning and proper control from the side of the municipality and that the garden refuse system has failed miserably.

From day one residents in the vicinity of the two dumping sites have been inconvenienced by the presence of homeless people and layabouts hanging around at the sites in the hope to make a living. It is a well-known fact that many of these people have resorted to crimes such as dealing in drugs - we know this and we are totally convinced that the Rustenburg Municipality is well aware of the fact as well... But no, the complaints of residents in the area have fallen on deaf ears. (So have Rustenburg Herald's enquiries to the Communication department...)

Not only has the safety of people living in the area been threatened by the never-ending presence of, dare we say undesirable people, but residents in the area were furthermore expected to put up with the fact that the value of their properties were seriously compromised to an almost disastrous level.

For years this was the situation while at least, some municipal service was continuing. In recent months however, it seems that this also have come to a standstill. In the latest developments, residents in the area also have to bear the untolerable smell of rotting garden refuse, domestic refuse which is being dumped illegally since there obviously is no control at all and the never-ending fires of homeless people preparing food, melting stolen cables/wires or burning garden refuse, perhaps in an effort to clear the area of mountains of waste...

The fact is that the situation at the Kremetart dumping site is totally untolerable and unsuitable, let alone healthy, safe or fair. There is no arguing about the fact that the Rustenburg Municipality is failing these people and all others who are expected to make use of these facilities. Perhaps it is once again time for a high-profile provincial delegation to visit this area and to see how a city claiming to be a "Platinum City" is treating its residents and taxpayers.

Do we have to accept that the situation will not improve unless such action is taken by the Provincial Government? If not, one wonders whether the Rustenburg Municipality would be in a position to give an indication of how much longer Rustenburg residents still have to wait for someone to actually do something that can remotely be described as a service to the public? At present it is clear that the Rustenburg Municipality's policy and control of its dumping sites stinks - we call for immediate action before the issue becomes a health and labour crisis! (Viewpoint by Waldie Volschenk, 13 Coetzer Street Rustenburg).

Kom ons maak 'n verskil

DIE REDAKTEUR:
Ek wil weer eens almal van harte bedank wat 'n kind by Môrester Kinderhuis borg met R200 om vir hulle 'n baie spesiale Kerspartytjie te reël. Ons nooi ook almal hartlik uit na die partytjie.

Enige persoon wat nog kan help, kan my gerus skakel (072 794 6523) - ons wil werklikwaar vanjaar iets spesiaals vir die kinders reël met alles wat hulle benodig vir die nuwe jaar.

Ek het ook 'n lys beskikbaar met die kinders se name, ouderdomme en wat presies hul nodig het. Help ons asseblief om 'n verskil in hierdie kinders se lewens te maak.

MARIJKE BOTHA (MEV RUSTENBURG-ORGANISEERDER).

Your photos please

Writers of letters for our letters column are now also invited to send in pictures of whatever they feel like writing about.

If the quality allows and we do have the space, we gladly undertake to publish your pictures alongside your letters. Is their something bothering you about the neighbourhood? Drop us a letter with a picture or two included and watch this space!

Eers jou briefie - nou 'n foto ook...

Briefskrywers word genooi om voortaan 'n foto (indien beskikbaar) saam te stuur wanneer 'n brief vir die Herout se briewekolomme ingestuur word.

Ons onderneem om, indien die kwaliteit en ruimte dit toelaat, met graagte u foto's by u briefie te plaas. Neem egter kennis dat foto's aan ons kwaliteitstandaarde moet voldoen - *Red*.

Aikôna ontwapening

DIE REDAKTEUR
Ek is nie 'n misdaad- of vuurwapenkenner nie, maar ek begryp nie die "anti gun"-voorstanders nie. Minder misdaad dan? Nie in SA nie!

Dit maak net nie sin nie: "Misdadigers besit nie gelisensieërde wapens nie. Hulle steel wapens (om 'n ou afgesaagde deuntjie, an te haal). En amnestie of nie, misdadigers handig dit nie in nie, terwyl sommige wettige wapeneienaars - net om nie die gewroeg deur te gaan nie - hul wapens uiteindelik inhandig.

Hierdie wapeninhandiging in 'n land soos Kanada het mie geslaag nie, laat staan nog SA.

ANTI-GUN KROONDAL

Patient says thank you

THE EDITOR:
With regards to the letter "Dialysis patients in need of heat relief". Firstly I would like to thank Rustenburg Herald for placing the letter. It just goes to show that the Rustenburg Herald cares for its readers and take their complaints to heart.

Then I would also like to thank the airconditioning company for eventualy finding the problem. I trust that the problem is now solved and quick response will be seen in the future.

DIALYSIS PATIENT.

Stortingsterrein 'n vullishoop

DIE REDAKTEUR
Ek wonder of iemand by die Rustenburg Stadsraad dalk in die onlangse verlede by die munisipale stortingsterrein in Kremetartlaan ingeloer het? Ek kan nie vasstel wat presies hier aan't gebeur is nie, maar 'n paar dinge is duidelik en dit is dat hier nie diens gelewer word nie, dat die publiek nie gehelp kan word nie, dat dit alles behalwe veilig is en beslis - dat alles nie pluis is nie.

Ons het na die onlangse munisipale stakings verstaan dat alles nou weer in plek is en dat die probleme met die munisipale werkers uitgesorteer is en dat normale "vullisdienste" weer hervat kan word. Groot was my verbasing egter toe ek verlede week by die stortingsterrein moes ingaan en moes vind dat ek prakties gesproke nie met my voertuig daar kon inry nie. Hope en berge vullis het die wêreld vol gelê en plek-plek was die vullishope aan die brand. Dit was nogal 'n risiko om die area met my bakkie binne te gaan. Ek wonder of party mense se voertuie nie al hier aan die brand geraak het nie.

Maar dit is nie die enigste probleem nie. Wat is die storie dat daar soveel mense rondstaan wat ongetwyfeld nie daar hoort nie en beslis nie deur die stadsraad in diens geneem is nie. Die arme drommel wat nadergestrompel het om my te help om die bakkie af te laai, was so van die drank dat hy nie mooi regop kon staan nie, wat nog van aflaai? Ek wonder waar die man die geld kry om homself so onkapabel te drink?

Ek dink die Rustenburgse Munsipaliteit skuld die Rustenburg-publiek 'n groot verskoning vir dit wat die afgelope klompie maande al hier aan die gang is. Miskien moet ons meer hiervan in die koerant lees. Ek sal graag wil hoor dat alles nou weer reg is, maar as ek reg onthou, moet ek sê ek dink ek het dit 'n rukkie terug ook in die koerant gelees. Die vraag is - wanneer kan ons dit glo?

Vieslike Vullisterrein